



**GRADE 8**  
**INLIGTINGSBOEKIE**  
**2017**

# Inhoud

<b>1.</b>	<b>Verwelkomingsbrief</b>	<b>1</b>
<b>2.</b>	<b>Skool Uniform</b>	<b>4</b>
<b>3.</b>	<b>ARC Sportswear</b>	<b>6</b>
<b>5.</b>	<b>ARC Pryslys</b>	<b>7</b>
<b>6.</b>	<b>Skryfbehoefte</b>	<b>8</b>
<b>7.</b>	<b>Graad 8 Kamp</b>	<b>9</b>
<b>8.</b>	<b>Betaling van Skoolfondse</b>	<b>10</b>
<b>9.</b>	<b>Uitnodiging na Sosiale Geleentheid</b>	<b>12</b>
<b>10.</b>	<b>Bylaag A: Vrywaringsvorm</b>	<b>13</b>
<b>11.</b>	<b>Bylaag B: Deelname Strokke</b>	<b>14</b>
<b>12.</b>	<b>Studiewenke</b>	<b>15</b>



# Hoërskool Melkbosstrand Melkbosstrand High School



6 September 2016

Liewe Ouer

Baie dankie vir u kind se inskrywing vir 2017. U kind is u kosbaarste besitting en ons verbind ons daartoe om u kind met liefde en deernis op akademiese, kulturele, sosiale en sportgebied te begelei. Mag u en u kind se verbintenis met die Hoërskool Melkbosstrand mooi herinneringe bou.

U het waarskynlik al 'n handvol vrae oor 'n verskeidenheid van aangeleenthede en daarom deel ons graag die volgende inligting met u:

- 1. SPORTHUISE:** Al die leerders by die skool word in drie huise, elk met 'n spesifieke kleur, ingedeel. Die indeling word volgens die leerder se van gedoen.

HUIS	KLEUR	VAN BEGIN MET
1 Pikkewyne	Geel	A D G K N Q R U V
2 Robbe	Wit	B E H L O S W X Y
3 Haaie	Blou	C F I J M P T Z

- 2. SKOOLKLERE:** Ons leerders se voorkoms is ons trots en ons wil baie graag hê dat u ons hierin sal ondersteun deur seker te maak dat u kind die regte skooldrag reeds vir sy/haar eerste skooldag, Dinsdag 13 Januarie, het.

- 3. SPORTKLERE:** Ons wil u sterk aanmoedig om so spoedig moontlik 'n besoek aan ARC te bring en die sportrompie/-kortbroek en -hempie aan te skaf. Die sport hempie word nie net vir sport gebruik nie, maar ook vir ander skoolaktiwiteite en is dus verpligtend. Belê asseblief ook in die skool se sweetpak, veral as u kind graag aan sport deelneem.

- 4. SKOOLGELDE:** Die skoolgelde vir 2017 is vasgestel in November 2016 deur die Beheerliggaam en die volledige besonderhede daarvoor sal met u gedeel word sodra die bedrag vasgetel word.

5. **SKRYFBEHOEFTE:** Alle leerders is verantwoordelik vir hulle eie skryfboeke en ander skryfbehoeftes. 'n Volledige lys is aangeheg.

6. **HANDBOEKE:** Alle handboeke word deur die Departement van Opvoeding (WKOD) verskaf. Alle handboeke moet binne 'n week nadat dit ontvang word, oorgetrek wees.

7. **SKOOLSAKKE:** Sorg asseblief dat u kind ook 'n stewige boeksak/-tas (slegs donkerblou of swart) het wat sy/haar postuur en boeke sal beskerm. (ook by ARC beskikbaar).

8. **ORIËTERINGSPROGRAM:** U kind moet reeds Dinsdag 10 Januarie om 08:00 in volle skooldrag by die skool aanmeld en dan met 'n oriënteringsprogram saam met die VRL (Verteenwoordigende Raad van Leerders) begin. Hierdie program is verpligtend vir alle graad 8-leerders. U as ouer is welkom om die eerste paar minute se verrigtinge by te woon. U kan u kind weer om twaalfuur kom haal.

9. **ONTMOETING MET SKOOLPERSONEEL:** Ons nooi u en u kind na 'n sosiale byeenkoms op 10 Januarie 2017, 18:00-20:00. Tydens hierdie geleentheid sal ons as opvoeders graag u en u kind wil ontmoet en saam met u kuier. Daar is geen kostes aan verbonde nie. Bevestig asseblief u bywoning deur die aangehegte strokie te voltooi.

10. **GRAAD 8-KAMP 13 TOT 14 JANUARIE 2017:** Die vrywaringsvorm vir hierdie kamp is 'n belangrike dokument wat deur u voltooi moet word en teen Woensdag, 11 Januarie 2017, by die skool ingehandig moet word.

11. **BUITEMUURSE AKTIWITEITE:** Huidiglik bied ons die volgende aan:

<b><u>KULTUUR</u></b>	<b><u>SPORT</u></b>
Drama	Skaak
Debat	Atletiek
Rotary Interact	Netbal
Eisteddfod	Rugby
Orchestra	Krieket
Glee	Tennis
Koor	Swem
	Hokkie

Leerders word aangemoedig om deel te neem in ten minste EEN somersport en EEN wintersport.

**12. SKOOLURE:** Die skool begin amptelik op Woensdag 11 Januarie 2017 om 08:00. Skoolure vir die hele jaar is:

**MAANDAG – DONDERDAG: 08:00 tot 14:30**

**VRYDAG: 08:00 – 14:00**

Stiptelikheid van leerders is vir ons 'n hoë prioriteit en ons wil nie hê dat u kind enige onderrigtyd verloor nie.

**13. BUSDIENS:** Die MyCITI-busdiens is reeds operasioneel tot in Melkbosstrand. Kontak gerus die tolvrye nommer 0800 65 64 63 of besoek die webwerf [www.myciti.org.za](http://www.myciti.org.za) vir verdere inligting.

**14. SKOOLTERMYNE 2017:**

<b>KWARTAAL</b>	<b>OPEN</b>	<b>SLUIT</b>
<b>EERSTE</b>	11 JANUARIE	31 MAART
<b>TWEEDE</b>	18 APRIL	30 JUNIE
<b>DERDE</b>	24 JULIE	29 SEPTEMBER
<b>VIERDE</b>	09 OKTOBER	06 DESEMBER

U is steeds welkom om ons te skakel indien u nog vrae het. Ons glo u is net so opgewonde soos ons is om u en u kind deel van ons skoolgemeenskap te maak.

Vriendelike groete.

Die uwe



**D.J. ROSS**  
**SKOOLHOOF**



# Hoërskool Melkbosstrand

## Melkbosstrand High School



### Skooluniform

'n Uittreksel uit die Gedragskode Hoërskool Melkbosstrand:

'n Ware Melkbosser is trots op sy of haar uniform en sal verseker dat dit aan die volgende voorskrifte voldoen:

#### Seuns verpligte somersdrag:

- Grys langbroek
- Blou kortmouhemp (altyd ingestek)
- Baadjie (hempkraag oor baadjie) (verpligtend op Maandae vir saalperiode)
- Swart gordel
- Swart leertoeryskoene
- Lang grys kouse
- Seuns mag 'n kortbroek met lang grys sokkies dra.

#### Seuns verpligte wintersdrag:

- Grys langbroek
- Blou langmouhemp met 'n daskraag
- Skooldas
- Skoolbaadjie
- Swart gordel
- Swart leertoeryskoene
- Lang grys kouse
- Skooltrui of oortrektrui (opsioneel)

#### Dogters verpligte somersdrag:

- Blou snyersbloese en geruite rompie
- Skoolbaadjie (kraag oor baadjie) (verpligtend op Maandae vir saalperiode)
- Swart leerskoolskoene (of Baby Dolls)
- Kort wit sokkies

**Dogters verpligte wintersdrag:**

- Blou langmouhemp met daskraag (ingesteek by rompie)
- Skooldas
- Skoolbaadjie
- Lang swart kouse ("tights")
- Skooltrui of oortrektrui (opsioneel).

'n Polshorlosie en EEN stel knopie- of ringetjie-oorbelle is die ENIGSTE juweliersware wat toegelaat word. Enige ander bandjies of ringe sal dadelik gekonfiskeer word.

### Hoërskool Melkbosstrand

September 2016

AANDAG: NUWE LEERDERS – 2017:

#### SKOOLUNIFORM VEREISTES

1. SKOOLBAADJIE
2. OORTREKTRUI (Langmou)
3. OORTREKTRUI (Mouloos)
4. SOMER "SKY BLUE" HEMP/BLOUS
5. GEPLOOIDE "CHECK" ROMP (Meisies)
6. SPORT HEMP (Huis)
7. SPORT KORT BROEK (Seuns)
8. SPORT SKORT (Meisies)
7. SWEETPAK
9. DAS (vir winter)
10. "SKY BLUE" HEMP (Langmou vir winter)
11. SKOOLSAK
12. SPORTSAK

Beperkte voorraad wit enkelsokkies vir meisies, seuns grys langskokkies en seuns grysbroeke is heeljaar beskikbaar. Voorraad vir 2017 sal beskikbaar wees vanaf die 9de November 2016 by ARC Sportswear, die Uniform-winkel. Skakel **0215567265** of e-pos (shop@arcsportswear.co.za) vir n afspraak.

<b>WINKELURE:</b>	Maan - Don	8.30 -16.15
	Vrydag	8.30 - 14.30
	Saterdag	9.00 - 12.00

**WINKEL GESLUIT** gedurende die vakansieseisoen:

Gesluit – 9de Desember 2016

Heropen – 5de Januarie 2017

**BETALING** Kontant / Debietkaart / Visa of Masterkaart


**Geen** tjeks / American Express of Diners Club

word aanvaar nie.

**KOM ASSEBLIEF VROEG OM DIE STORMLOOP IN JANUARIE 2017 TE VERMY!**

Vir navrae kontak Nadia of Glenda :

021 556 7265





# MELKBOSSTRAND HIGH SCHOOL

## PRICE LIST

### BLAZER

#### ROYAL WITH BADGE

32	740.00
34	740.00
36	740.00
38	740.00
40	740.00
42	740.00
44	870.00
46	870.00
48	870.00
50	950.00
52	950.00
58	970.00

### SLIPOVER

30	185.00
32	185.00
34	195.00
36	195.00
38	210.00
40	210.00
42	210.00
44	225.00
46	225.00
48	225.00

### PULLOVER

30	215.00
32	215.00
34	215.00
36	225.00
38	225.00
40	235.00
42	235.00
44	235.00
46	235.00
48	235.00

### SPORT SHORTS

S	110.00
M - L	115.00
XL - XXXL	120.00

### NETBALL TOP SKORTS

XS - M	140.00	140.00
L - XXXL	145.00	145.00

### BOYS SUMMER SKY BLUE SHIRT

28 - 32	150.00
34 - 36	155.00
38 - 44	160.00
46 - 48	165.00
50	185.00

### GIRLS SUMMER SKY BLUE SHIRT

28 - 32	150.00
34 - 40	155.00
42 - 44	160.00
46 - 48	165.00
50	185.00

### CHECK SKIRT

24 - 26	210.00
28 - 36	215.00
38 - 50	230.00

### WINTER SKY BLUE SHIRT

28 - 32	170.00
34 - 36	175.00
36 - 50	185.00

### SPORT/HOUSE SHIRT

11/12	180.00
XS - M	185.00
L - XXL	190.00
XXXL - XXXXL	200.00

### TRACK TOP PANTS

13/14	265.00	175.00
S	265.00	175.00
M	265.00	175.00
L	270.00	180.00
XL	280.00	185.00
XXL	280.00	190.00

### TIES

TIES	70.00
SATCHEL	270.00
TOGBAG	200.00
SPORT SOCKS	60.00

**HOËRSKOOL MELKBOSSTRAND**

SKRYFBEHOEFTE

2017

<b>LEERAREA LEARNING AREA</b>	<b>A4 192 bl./page</b>	<b>Eksamenblok Examination pad</b>	<b>Flipfile</b>	<b>Other</b>
AFRIKAANS Huistaal (HT)	<b>2</b>	√	√ (20)	
AFRIKAANS Eerste Addisionele Taal (EAT)	<b>2</b>	√	√ (20)	
ENGLISH Home Language (HL)	<b>2</b>	√	√ (20)	
ENGLISH First Additional Language (FAL)	<b>2</b>	√	√ (20)	
WISKUNDE / MATHEMATICS	<b>3</b>	√	√(20)	
NATUURWETENSKAPPE / NATURAL SCIENCES	<b>2</b>	√	√(20)	
SOSIALE WETENSKAPPE / SOCIAL SCIENCES	<b>2</b>	√	√(20)	
EKONOMIESE BESTUURSWETENSKAPPE / ECONOMICS MANAGEMENT SCIENCES	<b>1 96 p</b>	√	√(20)	<b>R60 ekstra werkboek / extra work book</b>
TEGNOLOGIE / TECHNOLOGY	<b>1</b>	√	√(20)	
LEWENSORIËNTERING / LIFE ORIENTATION	<b>1</b>	√	√(20)	
SKEPPENDE KUNSTE/ CREATIVE ARTS	<b>1</b>	√	√(20)	<b>R100 MATERIALS &amp; PAPER/ KUNSVORRAAD EN PAPIER</b>



# Hoërskool Melkbosstrand Melkbosstrand High School



## VERPLIGTE GRAAD 8-KAMP TE HOËRSKOOI MELKBOSSTRAND OP VRYDAG 13 EN SATERDAG 14 JANUARIE

Neem asseblief kennis van die volgende reëlins:

1. Dit vind by die skool en omgewing plaas.
  2. Die kamp duur van Vrydagmiddag 13 Januarie 2017 om 14:30 en eindig op Saterdagmiddag om 15:00.
  3. Elke leerder moet sorg vir eie kos en drinkgoed vir Vrydagmiddag. Die skool se snoepie al ook oop wees gedurende hierdie tyd.
  4. **Onthou** asb. om genoeg water en koeldrank; eie eetgerei en 'n **flits** saam te bring.
  5. Leerlinge moet asb. ou tekkies, 'n hoed, swemklere, sonbrandolie, 2-3 stelle **ou** klere, 'n dun matras en slaapsak saambring.
  6. Merk asb. eiendom baie duidelik. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verliese nie.
  7. Die koste verbode is **R100,00** per leerder.
  8. **As u kind nie kan swem nie – stel ons asb. in kennis. Dit is NOODSAAKLIK.**
  9. Enige draagbare musiekinstrument wat bespeel kan word, kan saamgebring word.
  10. Ouers moet asb. die meegaande **VRYWARINGSVORM** voltooi wat ons op die laaste 11 Januarie 2017 moet bereik.
  11. Kom woon gerus ons afsluitingsgeleentheid Saterdagmiddag by – dit gaan groot pret wees.
- NS. Enige navrae kan aan die Graadhoof, Mnr. M van der Spuy gerig word.  
021 – 553 0086 (skool)  
E-pos: meltvdspuy@gmail.com



**Waardegedrewe skool/Value driven school**



**Integriteit/Integrity**



**Omgee/Caring**



**Respek/Respect**



**Selfdiscipline/Self-discipline**



**Verantwoordelikheid/ Responsibility**



**Hardwerkendheid/Diligence**

**Hoërskool MELKBOSSTRAND High School**

**“Sentrum van Uitnemendheid/Centre of Excellence**

**Ons berei jou kind voor vir sukses/We prepare your child for success”**

<http://www.melkboshigh.co.za>

**Tel: (021) 553 0086/ 553 1277/ 553 5104/ 553 1957**

**Faks/Fax: (021) 553 3016**

[finansies@hsmelkbos.co.za](mailto:finansies@hsmelkbos.co.za)

[admin@hsmelkbos.co.za](mailto:admin@hsmelkbos.co.za)

*Posbus/Postal Box 311 Melkbosstrand 7437*

**Skoolhoof/Headmaster: D.J. Ross**

**(B.Com Honneurs/Honours, HOD/HED US/SU)**

Liewe Ouers

6 September 2016

Ons is dankbaar dat ons skool 'n hoë standaard van opvoeding en onderrig aan u kind kan bied. Om ons in staat te stel om op hierdie vlak voort te bou en terselfdertyd ons geriewe, toerusting en goeie leerkragte uit te brei, doen ons 'n beroep op alle ouers om hul skoolfonds vroegtydig te betaal.

**LET WEL:**

Skoolgelde is **vooruitbetaalbaar**. Niebetalers van skoolgelde word vanaf April aan die skool se skuldinvorderaars oorhandig. Let daarop dat “Die beheerliggaam van 'n openbare skool, kan deur wetgewing, soos vervat in artikel 40” daarop aandring dat ouers aanspreeklik gehou word vir die betaling van skoolgelde. Indien geen betalings of ooreenkoms vir betalings teen 1 Junie van 'n akademiese jaar gemaak is nie, sal die volle skoolfonds vir die jaar oorhandig word. Ouers word dan vir die volle skoolfonds, rente en kostes aanspreeklik gehou. Indien u dus op enige tydstip nie u verpligtinge kan nakom nie, skakel onmiddellik met die skool en tref nuwe reëlings.

State vir skoolgelde word maandeliks aan alle ouers wat nie vir die jaar vooruit betaal het nie per e-pos gestuur. Maak dus seker dat die skool u korrekte e-posadres het en stuur enige veranderings na [finansies@hsmelkbos.co.za](mailto:finansies@hsmelkbos.co.za)

Aftrekkings vir debietorders is op die 1ste of 15de van elke maand. Debietorders wat onbetaald deur die bank na die skool verwys word, sal deur die skool aangepas word. Na n eerste “verwys na trekker” word dit outomaties gekanselleer. Dis die ouer se

verantwoordelikheid om toe te sien dat voldoende fondse in die rekening is en dat die korrekte bedrae afgetrek word.

Enige finansiële ooreenkoms kan slegs gefinaliseer word indien dit op skrif aan die skool voorgelê word. Skakel asseblief met die skool as u die gekose betalingsopsie wil verander en kontroleer die skoolfondsstate gereeld. Doen navrae as u nie state ontvang nie.

### **BANKBESONDERHEDE**

HOËRSKOOL MELKBOSSTRAND

ABSA: TJEKREKENING: 4078551617

TAKKODE: 632005

VERWYSING: LEERDER NAAM EN VAN

### **NIE-BETALING VAN SKOOLGELDE**

Indien u probleme ondervind met betaling van skoolfonds, kontak gerus die finansies departement en gesels met Mev. T. Davis, kontak eerder vroeg in die jaar, om onnodige oorhandiging van rekeninge te veroorsaak.

U samewerking word hoog op prys gestel.



**Daneil J. Ross**

**SKOOLHOOF/PRINCIPAL**



# Hoërskool Melkbosstrand Melkbosstrand High School



Geagte Graad 8-ouer

## **UITNODIGING NA GESELLIGHEID**

U word hartlik uitgenooi na 'n kort geselligheid op DINSDAG 10 JANUARIE 2017 vanaf 18:00 tot ongeveer 20:00 by die skool. Die doel van die geleentheid is om mekaar beter te leer ken, die personeel aan u bekend te stel en om informeel saam te verkeer. Ons sal iets ligs om te eet en vrugtesap voorsien.

Ons sien uit daarna om u te ontvang. U word versoek om die meegaande afskeurstrokie te voltooi en terug te stuur ten einde ons voorbereidings te vergemaklik.

## **U kind moet asseblief die geselligheid saam met u bywoon.**

**D.J. ROSS**  
**SKOOLHOOF**

---

## **AFSKEURSTROKIE: NIE LATER NIE AS 8 DESEMBER 2016**

Ek (naam en van) ....., ouer van

(leerder se naam en van) ..... in graad .....

sal die funksie bywoon / nie bywoon nie (*onderstreep asb*).

Getal volwassenes:	
--------------------	--

**Bylaag B:**

• **VRYWARING**

Ek, die ondergetekende, wettige ouer/voog van ..... (naam van kind), gee hiermee toestemming dat hy/sy die Graad 8-kamp te Hoërskool Melkbosstrand (13 – 14 Januarie 2017) mag bywoon.

Verder vrywaar ek die Wes-Kaap se Onderwysdepartement, sy beamptes en personeel van Hoërskool Melkbosstrand absoluut en onherroeplik van enige en alle aanspreeklikheid (growwe nalatigheid en opset uitgesluit) wat mag ontstaan gedurende of as gevolg van die meemaak van die uitstappie. Ek gee toestemming aan die organiseerders om enige mediese behandeling wat nodig mag wees, toe te pas.

Ek verklaar verder dat na die beste van my wete, genoemde kind nie aan enige aansteeklike siekte ly nie.

**Spesiale omstandighede** (bv. gebreke, allergie, nie-aansteeklike siektes of toestande, kan nie swem nie, ens.) ten opsigte van bogenoemde kind waarvan die bestuur/leier/onderwyser na my mening moet kennis dra :

.....

Naam van Mediese vereniging : .....

Naam van hooflid: ..... Lidnommer:.....

Naam van ouer/voog (Blokletters asb.): .....

Adres : .....

.....

.....

Telefoonnommer : .....

Selfoonnommer: .....

Handtekening van ouer/voog : .....

**Bylaag B:**

**Melkbosstrand Deelname Strok**

Baie dankie vir u kind se inskrywing vir 2017. U kind is u kosbaarste besitting en ons verbind ons daartoe om u kind met liefde en deernis op akademiese, kulturele, sosiale en sportgebied te begelei. Mag u en u kind se verbintenis met die Hoërskool Melkbosstrand mooi herinneringe bou.

Hoërskool Melkbosstrand strewende na holistiese ontwikkeling van leerders . Ten einde vir ons om ons fasiliteite en programme voor te berei, sal ons graag wil weet aan watter aktiwiteite u kind belangstel om aan deel te neem in.

Merk asseblief die toepaslike blokkie en stuur die strok terug na die skool voor of op 13 Januarie 2017.

<b>Kultuur</b>		<b>Sport</b>	
Debat		Skaak	
Glee		Atletiek	
Rotary Interact		Netbal	
Drama		Rugby	
Skool Koerant		Krieket	
Biblioteek Prefek		Tennis	
Koor		Swem	
Eisteddfod		Hokkie	
Orkes			

Ek (naam en van) ....., ouer van (naam en van van leerder) ..... hiermee dat my kind die oefensessies van die bogenoemde aktiwiteite sal bywoon.

Handtekening van Ouer/Voog

Handtekening van Leerder

.....

.....



## Studiewenke



1. Maak seker dat daar STILTE, 'n goeie LIG en genoeg LUG is waar jy studeer.
2. Kies die regte soort MUSIEK (bv. sagte klassieke Barok) om jou brein te help om te konsentreer. Moenie na jou gunstelingmusiek luister wanneer jy studeer nie, want dit sal jou aandag aftrek.
3. Rig vir jouself 'n permanente STUDEERPLEK in; jou bed is nie NIE 'n goeie idee nie. Die brein maak vinnig assosiasies en as jou studeerplek altyd dieselfde is, help dit om jou gedagtes daarop in te stel dat jy gaan studeer.
4. ORGANISEER jou studieplek sodat jy presies weet waar jou handboek, werkboek, notas, skryfgoed en papier is wanneer jy dit nodig kry.
5. Plak jou TOETS-/EKSAMEN-/STUDIEROOSTERS teen die muur in jou studeerplek. Merk die betrokke datums behoorlik.
6. Stel TEIKENS vir elke toets. Gebruik 5% intervalle hiervoor – bv. ek wil tussen 50% en 55 % vir hierdie vraestel behaal. LW volgens die skool se akademiese teikens moet jy ten minste 50% vir 'n toets of eksamen behaal. Sit jou doelwitte in jou kamer op waar jy dit voortdurend kan sien terwyl jy studeer.
7. Gebruik PEN EN PAPIER, verkieslik verskillende kleure, terwyl jy studeer, dit bevorder jou konsentrasie en assosiasie en maak dit makliker om feite te onthou.
8. BAKEN die werk AF wat jy moet leer vir 'n toets of eksamen.
9. Kry eers 'n OORSIG van die werk wat jy moet bestudeer voordat jy GEHEUEKAARTE (*mind maps*) en/of opsommings maak.
10. Gebruik KLEURE en ILLUSTRASIES – jou brein onthou dit makliker as net teks/woorde.
11. Deel HOOFSTUKKE in kleiner dele op wat jy dan stuksgewys leer.

12. HERSIEN 'n gedeelte sodra dit afgehandel is om jou geheue te bevorder.
13. Leer werk VRAAGSGEWYS – kyk watter vrae al oor die onderwerp gevra is in vorige vraestelle. Jou onderwyser kan jou hiermee help. Kyk watter gedeeltes deur kortvrae, bespreek-/langvrae of met data-responsvrae getoets word.
14. MERK die gedeeltes waarmee jy sukkel en maak seker dat jy weer daardeur werk voor die toets of eksamen. Praat ook betyds met jou onderwyser oor die dele wat jy nie verstaan nie voordat jy die toets of eksamen moet skryf.
15. HERHAAL feite hardop – skryf moeilike woorde meer as een keer uit; maak rympies; gebruik prentjies; gebruik goeie en gepaste voorbeelde om begrippe te verduidelik.
16. Vir wiskunde en wetenskappe moet jy jou TEORIE en STELLINGS en FORMULES baie goed ken. Onthou jy leer wiskunde en rekeningkunde deur te DOEN. Werk deur al jou huiswerkoefeninge.
17. Gebruik die regte TERMINOLOGIE wanneer jy 'n spesifieke vak leer soos dit in die handboek aangedui word. Werk ook deur die voorbeelde in die handboek.
18. Jy moet BETYDS begin leer (soos die komende naweek al vir volgende week se toetse) sodat jy genoeg tyd het om deur al die werk te gaan en dit te memoriseer.
19. Jy behoort 'n MINIMUM van SES UUR vir elke toets te studeer. Beplan jou HERSIENING dus baie deeglik. Herhaling versterk jou geheue.
20. STUDIESESSIES behoort tussen 30 en 40 minute te duur. RUS vir 5 minute en doen iets anders. Begin dan weer. Rus vir 10 minute na elke twee sessies.
21. Werk deur VORIGE VRAESTELLE en kyk veral na die VRAAGSTELLING, PUNTETOEKENNING en TYDSINDELING.
22. Maak seker dat jy die INSTRUKSIES op toets- en eksamenvraestelle goed verstaan. Maak seker van die vraagkeuses en watter afdelings verpligtend in die vraestel is.
23. Leer om jouself KALM te hou voordat jy 'n toets of eksamen skryf – dit help om jou om die werk beter te onthou.
24. Neem genoeg VLOEISTOF in en eet vars KOS terwyl jy studeer – loop lig vir energiedrankies en snoephappies wat te veel suiker en stimulante bevat, dit kan jou angstig maak en selfs uitgeput laat voel.

25. Gebruik jou EIE persoonlike STYL as jy leer en maak jou eie notas en opsommings wat jy die beste verstaan.

